

Sing vooraf staande: Psalm 126:2, 3 (p. 622)

- 2 Groot was u daad, en ons is bly. / U het gered, en ons in vry!
Maar, HEER, u gunsvolk sit nou weer / in droefnis en ellende neer.
Wil in u trou ons nooit begewe, / maar wend ons lot, laat ons herlewe,
soos waterstrome in Suiderland / die veld laat juig na sonnebrand.
- 3 Wie wenend, onder leed en smaad, / die korrels uitstrooi van die saad,
sal in die hoggehalmdde graan / eerlang verblyd die sekel slaan.
Al wenend saai hy oor die akker; / maar vrolik word sy saaigraan wakker.
En eind'lik dra sy nyw're hand / die volle gerwe van die land.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 50:7, 11 (p. 255)

- 7 "Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan,
betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan.
Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer."
- 11 "Hy wat sy dank My offer met / 'n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou."

Gebed

Psalm 119:44, 47 (p. 595)

- 44 HEER, U skif die goddelose, / soos ons skuim skif van metaal,
en verwerp hul; daarom bid ek / dat u liefde in my mag daal.
As ek dink aan u gestrengheid, / dan meng liefde en vrees deureen;
en ek voel hoedat daar angste / sidder deur my lede heen.
- 47 Daarom is my u bevele / altyd waar en reg; ek haat
alle dowwe leuenpaaië / wat die regte pad verlaat.
HEER, u wet is my 'n wonder / as 'k sy diepte wil deurgrond;
gaan dit oop, dan skiet dit glanse / skoner as die môrestond.

Skriflesing: 1 Samuel 13:15-14:23

Kernverse: 1 Samuel 14:6-7

Jonatan dan het aan die dienaar wat sy wapens dra, gesê: Kom, ons gaan oor na die wagpos van daardie onbesnedenes; miskien sal die HERE vir ons optree, want by die HERE is daar geen verhinderings om deur baie of deur min te verlos nie.

Toe sê sy wapendraer vir hom: Doen alles wat in u hart is, maak soos u wil; hier is ek by u volgens die wens van u hart.

(1 Samuel 14:6-7 AFR53)

Tema: Wat dit beteken om op God te vertrou en Hom te gehoorsaam

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons weet almal dat 'n Christelike lewe meer inhou as om net Bybel te lees en te bid. 'n Christelike lewe is nie iets wat 'n mens net in jou binnekamer beoefen nie. Dwarsdeur die Bybel toon die Here vir ons aan dat 'n Christelike lewe begin met 'n lewende verhouding met God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Dit is immers onmoontlik om 'n Christelike lewe te lei as God nie in sy groot genade 'n verhouding met jou begin het en jou deur sy Gees van sy verhouding met jou bewus gemaak het nie.

Maar die Here het ons nie geskep en ons deur sy Seun kinders van Hom gemaak om maar net teenoor Hom 'n Christelike lewe te lei nie. Ons bly mos nie in 'n klooster nie, maar in hierdie wêreld, in hierdie land, in hierdie stad waar die Here ons wil hê. En dit is in hierdie lewe waar ons elke dag besig is tussen ander mense en in omstandighede wat heeltemal anders is as in 'n erediens waar ons die lewende verhouding wat ons met God het, moet uitleef. Dit is tussen mense en in alledaagse situasies waar ons 'n Christelike lewe moet lei – 'n lewe wat anders lyk as die lewe van hulle wat God nog nie ken nie en nie in 'n verhouding met Hom lewe nie.

In die Nuwe Testament gee die Heilige Gees aan ons riglyne vir 'n Christelike lewe. Wanneer ons hierdie riglyne lees, sal ons verskeie elemente kan uithaal van wat 'n Christelike lewe is. En twee van die wesenlike elemente van 'n Christelike lewe is *vertroue* en *gehoorsaamheid*. Wanneer die Heilige Gees Saul en Jonatan se optrede teenoor mekaar stel in ons Skrifgedeelte, leer Hy ons wat dit is om God te vertrou en te gehoorsaam.

Broers, susters en kinders, die vorige keer wat ons na die Here se stem uit 1 Samuel 13 geluister het, het ons gesien watter groot mislukking Saul beleef het omdat hy net amper lank genoeg vertrou het op die Here en net amper gehoorsaam was aan die Here se opdrag. In plaas daarvan dat Saul die volle sewe dae vir Samuel gewag het, soos die Here gesê het, doen hy dit nie. Hy bring sommer self die brandoffer op die altaar in Gilgal. Net toe hy dit gedoen het, het Samuel daar opgedaag en hom skerp aangespreek. Nadat Samuel ook aan hom gesê het dat die Here nie sy koningskap bestendig gaan maak nie, maar dat Hy 'n man na sy hart sal soek, is Samuel van Gilgal af weg na Gibeon in Benjamin. Samuel is daar weg sonder om vir Saul te sê wat hy moet doen (1 Sam 10:8).

Van die drie duisend uitgesoekte weerbare manne wat Saul gehad het, het net ses honderd oorgebly. Saul en Jonatan is toe met hierdie handjiewol manne terug na Gibeon toe waar Jonatan en sy manskappe vroeër gevestig was. Die Filistyne het met hulle menigte soldate en onoortreflike wapentuig die Israeliete behoorlik die skrik op die lyf gejaag. Maar die Filistyne het nie, toe hulle sien dat die weerbare manne van Israel van Saul af wegsyfer, sommer opgepak en teruggegaan na hulle land nie.

Die Filistyne het reeds vir Israel in 'n wurggreep gehad wat die ekonomie betref. Daar was nie 'n ystersmid in Israel nie en dit het beteken dat die Israeliete van die Filistyne afhanklik was vir werktuie om landbou te bedryf. En die bietjie landbougereedskap wat die Israeliete gehad het, moes ook na die Filistyne geneem word om geslyp te word of te herstel. Dit het ook beteken dat geen Israeliet 'n swaard of 'n spies gehad het nie, behalwe Saul en Jonatan.

Nou het die Filistyne verder gegaan om hulle houvas oor Israel nog verder te verstewig. Die menigte Filistynse soldate het in Mikmas gebly terwyl hulle drie roofbendes in drie verskillende rigtings uitgestuur het. Hierdie roofbendes het uitgegaan om te plunder en sodoende die ellende vir Israel nog groter te maak. Die Filistyne het met hulle optrede Israel so oorheers dat Israel nou nie net vir hulle werktuie van die Filistyne afhanklik was nie, maar ook vir hulle lewensmiddele.

En kyk nou net waar kry ons vir Saul? Onder die granaatboom by die dorsvloer net buite Gibeon met die ses honderd man by hom. Die lang en lenige, sterk en mooi Saul wat as koning in Israel aangestel is om hulle oorloë vir hulle te voer, sit in die koelte onder die granaatboom. Intussen is die

vyand van God se volk besig om die Here se eiendom te vertrap en te verneder. En nou weet ons dit is mos nie al wat die Filistyne gedink het hulle regkry nie. Hierdie heidene was nou onder die indruk dat hulle gode sterker is as die God van hemel en aarde, die God van Abraham, Isak en Jakob.

Saul, die man wat vir Israel soveel belofte ingehou het en na wie hulle opgesien het – Saul, die koning wat Israel met welslae op die slagveld teen die Ammoniete gelei het en selfs bely het dat die Here die verlossing van die Ammoniete gegee het, sit nou as 'n mislukking onder die granaatboom. En kyk net wie kry ons saam met Saul daar.

Die priester Agija seun van Agitub, broer van Ikabod seun van Pinehas, seun van Eli wat priester van die Here in Silo was, ... (1 Samuel 14:3a AFR83)

Die Here het destyds toe Samuel nog maar 'n jong seun was ongunstige uitsprake oor Eli en sy nageslag gemaak omdat Eli se seuns die diens aan die Here met minagting gedoen het. Sonder dat Ikabod se naam genoem word, sou ons geweet het wie Agija was. Maar die Heilige Gees voeg die naam doelbewus in. Ikabod beteken *Waar is die eer?* Omdat die eer van Israel weggevat is toe die Filistyne destyds die verbondsark by die Israeliete afgeneem het. Met die noem van Ikabod se naam beklemtoon die Here dat Saul se koninklike eer weggevat is omdat hy die Here se Woord met minagting behandel het.

Terwyl Saul onder die granaatboom sit met die ses honderd man by hom, onderneem Jonatan saam met sy wapendraer 'n tog na die Filistynse patrollie aan die oorkant van die pas by Mikmas. Jonatan het hierdie onderneming nie met sy pa bespreek nie, want Saul sou hom na alle waarskynlikheid afgeraai het. Saul sou vir hom gesê het dat Jonatan reeds een keer die Filistyne kwaad gemaak het toe hy hulle wagpos by Gibeon oorrumpel het. Niemand van die ander manskappe het ook geweet dat Jonatan en sy wapendraer na die Filistynse patrollie toe gaan nie.

Jonatan probeer nie 'n held wees nie, daarom het hy aan niemand anders behalwe aan sy wapendraer gesê wat hy onderneem om te doen nie. Al wat Jonatan vir sy wapendraer sê, is:

Kom, ons gaan oor na die wagpos van daardie onbesnedenes; miskien sal die HERE vir ons optree, want by die HERE is daar geen verhinderings om deur baie of deur min te verlos nie. (1 Samuel 14:6 AFR53)

Jonatan weet Israel is in 'n hopelose situasie. Die Filistyne is baie meer in getalle as die handjievollige manne by sy pa. En buitendien is die Filistyne se wapentuig baie beter as Israel s'n. Jonatan weet ook dat die Here mense gebruik om sy eiendomsvolk van hulle vyande te verlos. Daar is immers 'n lang lys van rigters wat die Here in die geskiedenis van Israel opgewek het deur wie Hy elke keer sy volk gered het. Wie weet of die Here nie vir hom, Jonatan, wil gebruik nie, want die een wat die Here gekies het om sy volk te red van die vyand sit onder die granaatboom. Jonatan toon sy vertroue in die Here. Dit is nie Jonatan wat iets gaan doen en die Here gaan hom help nie. Die Here gaan optree en Hy gebruik vir Jonatan en sy wapendraer.

Dit is waar dat die Filistyne die Israeliete oorheers wat getalle en wapens betref, maar Jonatan weet hy vertrou op die God wat belowe het om groot dinge vir sy volk te doen. Hy vertrou op die God wat gesê het:

Net vyf van julle soldate sal honderd van die vyand op loop jaag, en net honderd van julle sal tien duisend op loop jaag. (Levitikus 26:8 AFR83)

Die Here kan deur baie of deur min red. Dit is mos wat Hy nie baie lank gelede nie, voor Jonatan se tyd, deur middel van Gideon gedoen het. Getalle is nie vir God 'n belemmering om te red nie. Die enigste hindernis wat daar kan wees, is die ongeloof van mense. Vanweë die ongeloof van die mense het Jesus nie baie wonderwerke in Nasaret gedoen nie (Matt 13:58). Jonatan het nooit die voorreg gehad om die Nuwe Testament te lees nie, maar hy het vertrou dat as God vir hom is, kan niemand teen hom wees nie.

Om dus op God te vertrou beteken dat jy die beloftes van God as die volle waarheid aanvaar en om te weet dat Hy sy beloftes verseker waar sal maak. Vir Jonatan was die beloftes van die Here die volle waarheid. Hy het geweet dat God dit waar sal maak – selfs deur hom kan die Here dit laat gebeur.

Die vertrou wat Jonatan in die Here het, is aansteeklik. Die wapendraer volg vir Jonatan en is bereid om voluit saam met hom te gaan. Hoor hoe verwoord hy dit:

Doen alles wat in u hart is, maak soos u wil; hier is ek by u volgens die wens van u hart .(1 Samuel 14:7 AFR53)

Mense wat in diens van die Here optree, werk nie alleen nie. Die Here gee altyd iemand anders saam ter ondersteuning. Hierdie mense saam met die een wat deur die Heilige Gees gedryf word om die werk te doen, is net so belangrik as die een wat die werk doen.

Jonatan storm egter nie net in die geveg in nie. Al weet Hy dat die Here die Filistyne kan verdag en sy eiendomsvolk kan verlos, en al het hy reeds 'n groot mate van die vertrou dat die Here dit deur hom en sy wapendraer kan doen, wil hy doodseker wees dat dit nie maar net sy begeerte is om die Filistyne te oorwin nie. Hy het immers nie 'n duidelike woord van die Here wat hom beveel om die werk te doen nie. Al wat hy het is die begeerte in sy hart dat die Here se volk verlos moet wees van die Filistyne. Jonatan is nederig genoeg om te weet sy hart kan verkeerd wees, daarom verwag hy dat die Here hom met elke tree sal lei en dit vir hom duidelik sal maak wat die Here self wil doen.

Jonatan word deur sy vertrou in die Here en sy gehoorsaamheid aan die Here gedryf. Hy wil nie vooraf die Here se plan in detail weet nie. Al wat hy van die Here verlang is dat die Here tree vir tree sal lei terwyl die Here self sy plan tot uitvoer bring. Die gelowige, met sy vertrou in die Here en gehoorsaamheid aan Hom, is tevrede daarmee dat die Here presies weet waarheen dit alles sal lei terwyl hy net weet wat hy in daardie oomblik gehoorsaam aan die Here moet doen.

Die Here beantwoord Jonatan se vertrou in Hom deur vir hom die teken te gee waarvoor hy gevra het. Let nou op wat doen Jonatan as hy die teken van die Here kry. Hy deins nie terug vir die steilte wat bokant hom uit toring nie en hy deins ook nie terug vir die smalende klomp Filistyne nie. Hy sê ook nie vir sy wapendraer, kom ons bid eers oor hierdie saak nie. Hy klouter hande en voete teen die pas uit om deur die Here gebruik te word. So baie maal gebeur dit dat ons die oorwinning wil hê en deur God gebruik word wanneer dit vir ons maklik lyk. As dit al kere is wat ons wil deel hê aan die oorwinnings van die Here, gaan ons maar in min oorwinnings deel hê en min kere deur die Here op die gevegsterrein gebruik word.

In sy vertrou op en sy gehoorsaamheid aan die Here het Jonatan tot bo geklim. Aangesien hy oortuig was dat die geveg die Here s'n is, het hy sy werk gaan doen en die wapendraer het hom getrou bygestaan. En terwyl die Here hierdie slagting deur Jonatan onder die twintig Filistyne van die patrollie aanrig, het Hy ook 'n slagting onder die res van die hele Filistynse leer begin aanrig. Met 'n aardbewing het die Here hulle paniekbevange gemaak sodat hulle mekaar begin doodmaak het. Jonatan het gehoorsaam sy werk gedoen wat hy kon doen en die Here het gedoen wat Hy alleen kon doen. Die Here het sy aardbewing gebring. Wanneer gelowiges gehoorsaam en vol vertrou in die Here hulle werk doen, sal hulle ook die wonderwerke van die Here begin raaksien en deel hê aan die heerlike oorwinning wat die Here bewerk.

Die Heilige Gees stel Saul en Jonatan vir ons teenoor mekaar in hierdie teks. *Bang* is die woord wat Saul kenmerk omdat hy nie aan die Here gehoorsaam wil bly nie. Toe hy hom aan die leiding van die Heilige Gees onderwerp het, het hy deel gehad aan die heerlike oorwinning wat die Here bewerk. Maar toe hy sy vertrou van die Here af wegtrek en die ou Saul weer die oorhand kry, het

hy 'n mislukking geword. Hy gehoorsaam nie die Here nie en uiteindelik verloor hy ook sy koninklike eer.

Jonatan, aan die ander kant, weet die Here is almagtig en Hy maak sy beloftes waar. Daarom het Jonatan met vertrouende gehoorsaamheid die Here gevolg. Menslik gesproke was daar nie 'n manier dat Jonatan kon slaag in sy onderneming nie. Maar tree vir tree het hy die Here gehoorsaam gevolg omdat hy geweet het dat die geveg die Here se geveg is. In Jonatan wys die Here ons wat 'n geestelike leier werklik is. Dit is 'n mens wat met 'n lewende geloof in die Here gehoorsaam tot die aksie oorgaan ondanks al die hindernisse wat hom in die gesig staar. En sy vertroue en gehoorsaamheid steek die naby hom aan sodat hulle ook gehoorsaam die Here volg.

Geliefdes, uit wat ons tot dusver gehoor het, kan iemand vra: Wat is die verhouding tussen geloof of vertroue en die gelowige se handeling? Beteken vertroue in God altyd dat die gelowige handelend moet optree? Nee, vertroue in die Here beteken nie altyd dat die mens iets moet doen nie. Soms word vertroue in die Here juis sigbaar in die feit dat die gelowige wag op die Here. 'n Mens wag in vertroue op die Here wanneer ons werk ongehoorsaamheid aan God sal wees. Abraham moes in vertroue bly wag het op die kind wat die Here belowe het, en nie self handelende die kind uit 'n huwelik met Hagar gesoek het nie. Saul moes met vertroue in die Here op Samuel bly wag, in plaas daarvan om self die brandoffer te bring. Wanneer ons handeling ongehoorsaamheid aan die Here gaan beteken, moet ons in vertroue op Hom wag om in ons behoeftes te voorsien.

In ander gevalle word vertroue in die Here juis duidelik deur die gehoorsame handeling van die gelowige. Toe Saul moes wag, het hy ongehoorsaam te werk gegaan. En noudat hy moet werk, is hy eerder bereid om te wag terwyl die Filistyne die eiendomsvolk van die Here verdruk en verkneg en met die idee rondloop dat hulle god Dagon die God van die hemele en aarde uitoorlê het. Jonatan se vertroue in die Here en sy gehoorsaamheid aan Hom lei hom tot aksie. Hy oorrumpel die wagpos by Gibeon en deel in die oorwinning wat die Here skenk. Hierdie oorwinning wat die Here skenk, bring egter vir Israel groter moeilikheid, want die hele horde Filistyne trek in hulle duisende op. Maar die oormag en oënskynlike onmoontlikheid van verlossing laat Jonatan nie terugdeins nie. Sy vertroue in die Here groei al meer en meer en gehoorsaam volg hy waar die Heilige Gees hom lei. Sy vertroue en gehoorsaamheid lei daartoe dat hy deel in die seën van die Here se oorwinning oor sy vyand.

Dit bring ons by dit wat vir ons onmoontlik lyk en God se werk. Daar is verskeie gedeeltes in die Bybel waar mense stuit op dit wat vir hulle onmoontlik is en dan wys die Here dat niks vir Hom onmoontlik is nie. Die Here bring ook sy mense in situasies waar hulle kan sien dat dit onmoontlik is dat hulle hulleself kan verlos, sodat Hy vir hulle kan wys dat verlossing iets is wat net Hy alleen kan doen. En dan bring Hy die verlossing sodat al die eer en heerlikheid net Hom alleen sal toekom.

Deurdat die Here aan Jonatan die oorwinning gegee het by Gibeon, het Hy Israel in die onmoontlike situasie ingebring. Die Here is nie afhanklik van 'n mooi en sterk koning om sy eiendomsvolk te verlos nie. Hy doen dit self deur twee manne in wie die Heilige Gees die vertroue in die Here gewerk het.

Die Here doen dit vandag nog net so. Elke sondaar bring Hy by daardie punt sodat hy kan raaksien dat daar niks is wat hy kan doen om van sy sonde verlos te word nie. En as dit nodig is, breek die Here alle vertroue wat die mens op sy eie geregtigheid gehad het tot in die grond in af sodat hy, gelei deur die Heilige Gees, nog net die krag oor het om homself aan die voet van Jesus se kruis te kan neerwerp. Wanneer die Heilige Gees dan sy oë oopmaak, sien die sondaar sy Verlosser raak en met die geloof omhels hy Christus en sy werk, want hy weet en vertrou hierdie verlossing is eg en seker. En so bewerk die Here dit dat Hy weer al die eer en heerlikheid ontvang omdat elke ware

gelowige by die punt gebring was om te sien dat, wat vir hom onmoontlik was, God deur sy Seun gedoen het.

Geliefde broer, suster en kind, is daar 'n taak in jou lewe wat vir jou gans en al onmoontlik lyk om gedoen te kry? Miskien is dit 'n sonde in jou lewe wat jy weet jy moet oorwin. Miskien is dit 'n baie moeilike gesprek wat jy weet jy moet voer met iemand. By watter taak die Here jou ook al bring om te doen, moenie terugdeins nie. Bid dat die Heilige Gees in jou hart die vertrouwe in die Here sal werk. Smeek Hom om elke tree vir jou te wys waar Hy wil hê jy moet gaan. En met die bereidheid en gewilligheid wat die Heilige Gees in jou werk, doen jou werk gehoorsaam aan die Here. En dit wat onmoontlik gelyk het, sal jy sien doen die Here alleen. Hy verwag nie die onmoontlike van ons nie. Hy verwag alleen dat ons gehoorsaam die werk sal doen wat Hy ons beveel. Wanneer ons so met vertrouwe in die Here en gehoorsaamheid aan Hom ons werk doen, sal ons die wonderwerke begin sien wat Hy alleen doen en ons sal deel in die oorwinnings wat Hy bereik sodat al die eer en heerlikheid Hom kan toekom.

Amen!

Slotgebed

Psalm 46:3, 6 (p. 237)

- 3 Die HEER is daar, Hy hou die wag; / so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag / goudglansend oor die berge kom.
In wilde krygsgedruis / het nasies opgebruis, / en koninkryke sink:
die HEER se stem weerklink – / 'n ganse wêreld beef voor Hom!
- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 April 2013